

Kan jy jou geloof verloor?

Iemand vertel my hy is besig om sy geloof te verloor. Toe wonder ek of hy nie miskien formele godsdiens met geloof verwar nie. Amptelike godsdiens is 'n onbuigsame sisteem van religieuse wette, voorskrifte en rituele. Geloof weer gaan oor 'n aktiewe verhouding met Christus. Godsdiens kan jy maklik prysgee, maar dit is nie so maklik met geloof nie. Godsdiens is om in die regte gelid te loop. Dit is uiterlik en fatsoenlik, maar soos wat Paulus in Kolossense 2 sê, het dit geen effek op die beheer van ons innerlike drifte en drange nie.

Geloof, soos wat die Nuwe Testament hieroor skryf, is 'n geleefde antwoord op God se genade. Die Here reik altyd eerste uit na ons toe. Hy soek ons op terwyl ons wegvlug, of sommer net God-loos en goddeloos leef. Boonop maak die Here graag die goeie werk klaar wat Hy in ons begin het. Dit skryf Paulus in Filippense 1. God glo genoeg in ons om enduit by ons te bly. Hy verloor ons nie, al probeer ons soms ons uiterste bes om Hom af te skud. God is regtig groot op genade. Niks kan ons uit sy hand ruk nie, soos wat Jesus sê in Johannes 10:28-30. Ons is in sy handpalm. Ons is veilig in die hemelse greep van genade. Terloops, geloof is om hiermee saam te stem. Dit is om te weet niks kan ons skei van God se liefde in Christus nie.

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

- *Bid asb vir Janine Vorster–vir deurbraak in haar gesondheid en vir volkome genesing
- Bid asb vir Lottie Conradie–kry baie swaar. Het MS. Bid vir die Here se nabyheid
- *Bid asb vir Marié Deyssel – vir volkome genesing
- *Bid asb vir Maria Steyn – vir volkome genesing
- *Bid asb vir Oom Sampie Swart – vir nabyheid vd Here. Hy is baie siek
- *Bid asb vir Anna Mofokeng–vir volle genesing–het beroete gehad
- *Bid asb vir Gert en Magriet du Plooy–vir volkome genesing. Albei ernstig siek
- *Bid asb vir Ria Putter – vir volkome genesing
- *Bid asb vir JP vd Walt – het longvlies–kanker. Vir volkome genesing.
- *Bid asb vir Louise vZyl–vir spoedige herstel na rugoperasie
- *Bid asb vir Hennie v Aswegen–vir spoedige herstel
- *Bid asb vir Suzette Fourie – vir volle genesing
- *Bid asb vir John Stapleton–vir beterskap en volle genesing. Het swelling op brein en lê in ICU
- *Bid asb vir Ria Loggenberg–vir volle genesing–het gordelroos in haar oog

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- Ons is lief vir U! AMEN



This week....

let us all
be the
difference
we wish to
see in
the world.



Gedagte vir die week

When you ask for
something believe,
God will answer.



PASTOR RICK'S

Onthou om te onthou . . .

Datum	"Topic"	Plek
03 Nov 2019	Gemeentefeës & Nagmaal NG Kerk	
10 Nov 2019	Kerssangdiens	NG Kerk